

## 12 Maart Genesis 49:8-12 en Openbaring 5:5,6

### *Jy kan soos 'n koning leef*

Genesis 49 beskryf hoe Jakob op sy sterfbed sy twaalf seuns een vir een seën. Hierdie gryse vader beskryf elke seun van hom soos hy hulle gesien het en hoe hulle toekoms sou wees. Juda word deur hom beskryf as 'n leeu wat deur sy broers geëer sal word. Juda was die leier onder sy broers en sou dit in die toekoms ook wees. Hy het leiding geneem toe Josef aan die Israëliete verkoop is (Gen. 37:26) en toe die seuns moes onderhandel het oor hulle broer Benjamin, eers met Jakob (Gen. 43:8-10) en toe met Josef (Gen. 44:16-34). In die geskiedenis van Israel was Juda die koningstam uit wie Dawid gekom het. Uiteindelik het die Koning, Jesus Christus, ook uit die stam van Juda gekom. Hy is die Leeu uit die stam van Juda (Op 5:5). Jakob se seën het waar geword. Want as Jakob sê: "... totdat Silo kom..". sien hy hoe daar in die toekoms die Messias sou kom, die groot Koning wat die ware Leier vir God se volk sou wees. Hierdie leierskap word deur Jakob beskryf deur Juda te vergelyk met 'n leeu. Hy sien hoe koninklik en vorstelik 'n leeu optree. Ons glo in Jesus as ons Koning. Hy het as Lam vir ons gesterf. As Leeu lei Hy ons. Glo in Hom as jou Leier, jou Koning. Dit maak jou so sterk soos 'n leeu om elke dag se probleme te kan hanteer.

Sing: Skrifberyming 31:2

Dr. A.G.S. Venter (Randburg-Oos)